30 September 2016

OMSENDBRIEF NR. 20/ 2016

Geagte Ouers

Met tyd wat vir almal van ons net te vinnig verby gaan, kom jy tot die besef dat wat Goethe geskryf het "nothing is worth more than this day" baie waar is. Graag gee ek vir u terugvoering rakende gebeure die afgelope kwartaal.

Personeel

Mev. Nanda Basson se moeder is in die loop van die kwartaal oorlede. Ons bid haar alle sterkte toe. Mej. Rozaan Raff tree op Saterdag, 1 Oktober 2016, in die huwelik. Ons gelukwense ook aan haar en Johan.

Burgerstrandhuis

Die Gr. 7-leerders het die week van 18 tot 23 September 2016 die Burgerstrandhuis in Muizenberg besoek. Die leerders het dit uiters leersaam gevind en terdeë geniet. Ons dank aan die onderwysers wat die groep vergesel het en dit vir hulle 'n onvergeetlike ervaring help maak het.

Kaskar

Alle dank aan al ons borge, ouers, OOV en die personeel wat bygedra het dat die dag weereens as baie suksesvol afgemerk kan word. 'n Spesiale dank aan mev. Delinda van den Heever en haar span wat baie bygedra het tot die sukses van die dag.

Entrepreneurs

Tydens die Junior Entrepreneursdag wat op 2 September 2016 gehou is, is die volgende leerders as wenners aangewys:

Afdeling wenners:	Speletjie:		Crazy cones – Kariena en Mialee
	Beste dekor:		Taaliah Lonte met haar roomysstalletjie
	Stalletjie die meeste besoek:		Jump 4 Joy – Kaydele
	Mees prettig:	Minute to win it:	Wilbur, Waltie en Rikus
Algehele wenners:	3de plek:	Sprokiesland:	Ansu de Jager en Izanne Maritz
	2de plek:	Sweet Meat:	Heinrich, Ruan en Dehan
	1ste plek:	Gebou om te hou:	Renier Els

Perdry

Baie geluk aan Anne-Mieke Smith, Marianda Nortjé en Vrele du Toit wat gekies is vir die Noord-Kaap perdryspan wat aan die South African Western Mounted Games gaan deelneem.

Skiet

Baie geluk aan die volgende skuts wat gekies is vir die Noord-Kaap Skietspan.
Pistool: A-span: Louis-Jean Ferreira, Ludwig Ludick
Veergeweer: A-span: Carmi van Wyk, Hannes van Blerk, Villiers Brits
Veergeweer: B-span: Janko Botma, Stian Steenkamp, Jaden Greeff
Sporter: A-span: Aj van Niekerk, Igmon TerBlanche

Hulle gaan van 1 – 7 Oktober aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te Hartebeespoort deelneem. Baie sterkte en skiet sommer 'n klomp kolskote.

Krieket

Lieben Engelbrecht is gekies vir die o/13 B Noord-Kaap krieketspan. Ons wens hom baie geluk met die prestasie.

Tennis

Laerskool Oranje-Noord se o/10-tennisspelers het vanaf 22 tot 24 September aan Laerskool Newton se o/10-toernooi deelgeneem. Die spanne is as volg:
Seuns: A-span: Marx van Wyk, Braam van Niekerk, Philip Kuhn, A.J. Burger
Seuns: B-span: Pierré Nel, Gerco Nel, Herman Theron, Hanno Brand
Dogters B-afdeling: Mari Human, Lizelle Human, Vera-Lee Mulder, Maggie Kennedy

Uitslae: Seuns B – silwer (eindig 2de), Seuns A- Brons (eindig 3de), Dogters – 4de

WOW-spelkompetisie

Twee van ons skool se leerders, Marlé Jacobs en Jané Wandrag, gaan aan die nasionale kompetisie in Stellenbosch deelneem. Baie geluk aan Marlé, nommer een in haar ouderdomsgroep en Jané , nommer drie in haar ouderdomsgroep. Dit is voorwaar 'n puik prestasie.

Skaak

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat gekies is vir die Noord-Kaap skaakspan: o/8 ELize-Marie Oldewage en Henré van der Merwe, o/12 Altus Bosch en Jayden Vries.

Musiekuitslae

Die volgende musiekleerlinge het baie goed gevaar tydens die afgelope Royal Schools musiekeksamens:

Klavier

Distinction

Gr. 1	Elizma Boshoff	88%
Gr. 1	Ruan Kuhn	87%
Gr. 1	Minke van den Heever	87%
Gr. 2	Sanri Fokkens	79%
Gr. 1	Doné du Toit	79%
Gr. 2	Brenda du Toit	77%
Gr. 2	Simoné Lonte	75%
Gr. 3	Milla Slabber	74%

Merit

Gr. 2	Elizabeth van Niekerk	85%
Gr. 3	Jana Nel	84%
Gr. 2	Sanmarie Visser	84%
Gr. 2	Lombard Conradie	82%
Gr. 2	Jana Boshoff	80%

Musiekonderrig

Individuele klavier- sowel as blokfluitonderrig, asook blokfluit in groepverband (slegs beginners) word by Laerskool Oranje-Noord aangebied. Slegs leerlinge met klaviere tuis word vir klavieronderrig in ag geneem (geen klawerborde of orrels nie). Die kostes vir 2016 beloop R750-00 per kwartaal vir individuele klavier-of blokfluitonderrig en R375-00 vir blokfluit in groepverband. Daar is jaarliks ‘n aanpassing ten opsigte van musiekgelde. Indien u sou belangstel om u kind te laat musiek neem, kan u ‘n inskrywingsvorm by die sekretaresse, mev. Grové, kry en invul en weer aan die skool terugbesorg. U kind se naam word dan op ‘n waglys geplaas en een van die musiekonderwyseresse sal u kontak indien u kind plek gekry het.

Foto’s

Die kinders het die afgelope week hul foto’s ontvang. Die fotogeld moet asseblief op die laatste teen 31 Oktober 2016 in wees. Geen laat bestellings sal aanvaar word nie. Geen ander metode van bestelling sal aanvaar word as op **die oorspronklike bestelvorm en koevertjie, soos verskaf,** nie. As u EFT betalings maak, moet ‘n bewys van betaling aan elke bestelvorm geheg word. Die regte bedrag in kontant moet asseblief in elke koevertjie geplaas word en soos aangedui op die bestelvorm wat die koevertjie vergesel. Moet asseblief nie een groot totale bedrag in een koevert plaas wat vir verskillende bestellings bedoel is nie. Geen tjeks sal aanvaar word nie.

URB-ICT Slagspreuk kompetisie vir advertensiebord

Sien aangeheg die skrywe ten opsigte van bogenoemde kompetisie.

Rooiby Extreme

Op Saterdag, 5 November 2016, vind die Rooiby Extreme plaas. Leerders van Gr. 4 – 7 mag inskryf. Spanne wat inskryf moet uit 5 lede bestaan. 1 lid swem, 2 draf en 2 ry fiets. Die inskrywingsfooi is R100 per span. Ek rig 'n uitdaging aan alle Gr. 4 – 7 leerders om soveel as moontlik spanne in te skryf en die dag te geniet.

Oueraand

Daar sal nie 'n algemene oueraand gehou word in die vierde kwartaal nie. U is welkom om, indien u graag u kind/ers se onderwyser/s wil spreek, self met hulle 'n afspraak te reël.

Algemeen

Die OOV bied op Saterdag, 15 Oktober 2016, 'n damesoggend aan met Monique Strydom as gasspreker. Die tema van die oggend is "A single grain of rice". (lesse oor gevangenisskap) Kaartjies, teen R120-00 per persoon, is by mev. Delinda van den Heever (OOV voorsitter: tel 082 3369 627) beskikbaar.

Aangeheg is die datumlys en sportrooster vir die vierde kwartaal.

Geniet die vakansie.

……
E.E. VAN ROOYEN
SKOOLHOOF(Wnd)